*Vrydag* **20 Desember**

**Skrifgedeelte: Jesaja 12:1-6**

**Fokusgedeelte: Jesaja 12:5**

**Christus is die Een wat harte verander**

Hierdie hoofstuk is die afsluiting vir hoofstukke 6 tot 12. Hier begin Jesaja met sy eie verhaal. Hy was ’n individu wat gedeel het in die sondes van sy gemeenskap. Hy was oortuig daarvan dat elke woord wat uit sy mond gekom het, onrein is. Hy het besef dat hy heeltemal verlore is voor God se heiligheid. Maar God verlos hom, reinig hom en gee aan hom ’n doel om sy Woord aan sondaars te bring.

In hoofstuk 11 eindig hy met die hoop dat daar ’n Koning sal kom wat alles sal regstel. In hoofstuk 12 sien ons dan die vrug van hierdie Koning se werk. ’n Gemeenskap wat God ken, wat drink uit die fonteine van redding en hulle getuienis met die wêreld deel. Ons weet vanuit die verlossingsgeskiedenis dat hierdie Koning ons Here Jesus Christus is. Hy is die Een wat harte verander. Hy verander angs na vreugde, bangheid na vertroue, woede na verlossing en hartseer tot ’n lofsang.

Mag dit vandag ook van ons gesê word dat die Here, ons Redder, ook ons harte en lewens verander het. Mag ons ook op die Here vertrou om ons in selfs die onseker situasies van die lewe by te staan omdat ons weet dat Hy werklik in beheer is.

*Sing: Psalm 130-1:1, 4*

*Ds. JA (Jaco) Linde (Witrivier)*